## Salomon Pienaar

**From:** Donavan Henning
**Sent:** 06 May 2009 09:37
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** FW: MCWAP: Mokolo & Crocodile water augmentation project: reply to enquiries
**Importance:** High

---

**From:** Fanie Vogel [mailto:Fanie.Vogel@af.aurecongroup.com]
**Sent:** Mon 2009/05/04 06:00 PM
**To:** Pieta Badenhorst; Donavan Henning; Donavan Henning; Donavan Henning
**Cc:** vdbergo@dwaf.gov.za; VanJaarsvelds@dwaf.gov.za; Ilze Harmse; amelius@arkateq.com
**Subject:** MCWAP: Mokolo & Crocodile water augmentation project: reply to enquiries

aurecon
Leading. Vibrant. Global.
www.aurecongroup.com
Aurecon - a new global group created by the recent coming together of Africon, Connell Wagner and Ninham Shand.
Delivering a broader technical skills base, enhanced expertise and service delivery capability.

Geagte Pieta,

.

Dankie vir die duidelike skrywe. Jammer dat ek nie eerder kon antwoord nie maar ek was vir ‘n tyd lank uit die kantoor.

Dankie vir die plaas besonderhede, dit het gehelp om die posisie van die eiendom op ’n kaart vas te stel.

Dit sou voordelig wees indien ons op ’n stadium kan ontmoet dan kan ons die aangeleenthede wat hier opgehaal is in meer detail bespreek. Die vrae het eerstens betrekking op die beskikbaarheid van water en dan tweedens op die moontlike Rivier Bedryfstelsel wat in plek sal moet kom. Ek antwoord graag kortliks soos hieronder aangedui. Ek verduidelik bietjie die agtergrond ook. Daar is ander aspekte wat ook in gedagte gehou moet word om die totale prentjie in die oog te hou maar dit kan nie in ’n kort epos hanteer word nie. Dit blyk dat u reeds agtergrond ten opsigte van die moontlike uitleg van voorgestelde projek het en ek verduidelik dit dus nie verder nie.

Die totale Krokodilrivier stelsel met die sy-tak riviere se natuurlike afloop word aangevul deur die grootskaalse ontwikkeling in die bolope van die opvanggebied. In hierdie bolope is die stede van Groter Pretoria, dele van Johannesburg, dele van die Oos-rand, die Wes-rand, Rustenburg en andere gelee. Hierdie stede kry hul water van die Vaalrivier en die Lesotho Hooglande af. Groot persentasie van die water wat so van die Vaalrivier en verder af oorgeplaas (ingevoer) word, word egter weer beskikbaar in die Krokodilrivier as die sogenaamde terugvloeie. Soveel-so dat Hartbeespoortdam die laaste klomp jare voortdurend “oorgeloop” het na die Roodekoppiesdam terwyl dieselfde gebeur op die Pienaarsrivier met die Roodeplaat en Klipvoordamme. Hierdie terugvloeie is surplus tot die natuurlike afloop en gedeelte daarvan kan beskikbaar gestel word vir verdere toekenning buite die opvanggebied.

Die be-oogde projek soos dit tans ondersoek word funksioneer op die beginsel dat die toekenning aan die ontwikkeling in die Lephalale gebied gedoen sal word van die beskikbare terugvloeie wat van ander bronne af in die Krokodilrivier is en ook van die Vaalrivier af indien die terugvloeie onvoldoende is. Daar word nie tans be-oog om verdere damme op die Krokodilrivierstelsel te bou nie en dit sal derhalwe nie die natuurlike afloop wat jul bereik van die gebiede stroom-af van die bestaande damme en die sytak riviere soos die Sandrivier en die Bierspruit, wesenlik beinvloed nie. Die antwoord is dus dat dit nie verwag word dat die boerderye stroom-af (die Makoppa-gebied) in ‘n swakker posisie as hul wettige situasie geplaas word nie.

Daar is tans verskeie paralelle prosesse en studies rakende die Krokodilrivier-wes aan die gang. Die een studie, nl die reserwe bepaling, het juis die omgewingsbehoefte bepaling in die hele opvanggebied ten doel. Daar is ook prosesse in plek om 'n sosio-ekonomiese studie te doen om die moontlike impakte op oa geaffekteerde boerdery gemeenskappe te verifieer.

Wanneer die projek implementeer word, sal daar ook 'n Riviervloei bedryfstelsel in plek gestel word. Wat die betrokke meetwal by u eiendom betref, sal dit sekerlik een van die belangrike strukture wees waar daar bo en behalwe sy normale funksie ook die doeltreffendheid van die nuwe stelsel gemoniteer sal (kan) word. Hierdie bedryfstelsel is deel van 'n groep ondersoeke wat nog verder gevoer moet word.

Ek sou ook graag wou gesels oor die Omgewingsimpakstudie en die openbare vergaderings wat nou vir Mei-Junie maand beoog word, asook die Landbou skakeling wat reeds plaasvind. Ek glo egter u is op hoogte van laasgenoemde. Ek sorg intussen dat u op die databasis as belanghebbende by die Omgewingsimpak proses geregistreer word.

Ek moet net my funksie in die Projek verduidelik. Ons span is aangewys om die Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF) by te staan met die koordineering van die verskillende aspekte en die studies wat deel vorm van hierdie projek. Derhalwe is ek in staat om bepaalde vrae te kan antwoord en te kan dien as kontak persoon. Die verantwoordelike persoon by die Departement is mnr OJS vd Berg (Hoof-Ingenieur: Opsie Analise). Sy kontak besonderhede is soos hieronder aangetoon indien u met hom in verbinding sou wou tree.

Mnr OJS van den Berg
Tel: 012 336 8613
Epos: vdbergo@dwaf.gov.za
Privaatsak X313, Pretoria, 0001

Die persoon verantwoordelik vir die Omgewingsmipakstudie wat ook as kontak persoon dien is:

Mnr Donavan Henning van Nemai Consulting
Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
Epos: donavanh@nemai.co.za

Ek vertrou dat u hierdie inligting nuttig vind. Ek glo u sal aan die verdere prosesse van die projek deelneem en sien daarna uit om, wanneer die geleentheid voordoen, verder met u in gesprek te tree.

Beste wense

**SC (Fanie) Vogel**
**Technical Director**
**Water Group**
Outspan House, 1006 Lenchen Ave North, Centurion 0157.
Private Bag X136, Centurion, 0046
**T** +27 12 643 9000
**F** +27 12 663 3257
**C** +27 82 325 3519
**E** Fanie.vogel@af.aurecongroup.com
**W** aurecongroup.com

**Leading. Vibrant. Global**

---

**From:** Pieta Badenhorst [mailto:pieta.baden@mweb.co.za]
**Sent:** 30 April 2009 05:58 AM
**To:** Makoppa-water Sanet vJaarsveld; Fanie Vogel
**Subject:** Fw: mokolo&crocodile water augmentation project

Beste Fanie en Sanet,

Ek verwys graag na my besorgdhede soos hieronder in vraag vorm uitgedruk word.

Die hoflikheid van 'n antwoord sal waardeer word.

Groete,

Pieta Badenhorst.

----- Original Message -----
**From:** Pieta Badenhorst
**To:** makoppa-water fanie vogel
**Cc:** Makoppa-water Sanet vJaarsveld
**Sent:** Monday, April 20, 2009 5:04 AM
**Subject:** mokolo&crocodile water augmentation project

Hallo Fanie en Sanet,

Ek is 'n boer wat in die Makoppa area boer. My boerdery is baie afhanklik van die beskikbaarheid van water vanaf die krokodil rivier wat deur my plaas loop.
So ook is die hele boerdery gemeenskap, diere, die natuur en die ekologie van die streek tot by die Botwana grens waar die Krokodil in die Limpopo loop.

Trouens, indien die water wat met die Krokodilrivier deur loop na die Limpopo toe, weg gerangeer word deur die toedoen van waterwese en ander groot rol spelers soos eskom met pyplyne na spesifieke rolspelers se behoeftes by Lephalale sal die gebied rondom my plaas tot by die Limpopo grotendeels vernietig word sover dit die bestaan van mens en dier en die natuur aan betref.

Vrae:
1. Is dit die bedoeling met die instelling van MCWAP dat die gebied waarna ek verwys se water afgesny of ingekort moet word in ruil vir die beskikbaarstelling van addisionele water vir Lephalale?
of
2. Is dit die bedoeling om te verseker dat water soos voorheen beskikbaar gestel word aan die gebied waarna ek verwys en net addisionele water wat deurkom te her rangeer na Lephalale?
3. Op my plaas is 'n meetwal van waterwese. Indien dit inderdaad die bedoeling is om te sorg dat water soos voorheen beskikbaar gestel moet word vir die gebied waarna ek verwys, hoe sal verseker word dat daar orde, tevredenheid en billikheid bestaan vir al die belanghebbendes? Kan die meetwal waarna ek verwys dalk 'n rol speel deur te verseker dat water eers geherrangeer word na Lephalale nadat 'n sekere hoeveelheid water inderdaad oor die wal van waterwese se meetwal op my plaas gevloei het?

Ek sal dit waardeer indien daar antwoorde op my vrae kan kom.

Hoop om spoedig van julle te verneem.

Groete,

Pieta Badenhorst.

Naskrif. My plaas se naam is Faure en dit is gelee aan die derdepoort teerpad. Die Krokodil rivier loop deur my plaas.

DISCLAIMER

--
This message has been scanned for viruses and dangerous content by **Pinpoint Securemail**, and is believed to be clean.